**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**

NASIONALE

STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

**GRAAD 12**

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL EEN

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL SEPTEMBER 2009

**PUNTE: 70**

TYD: 2 uur

***Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye***

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal | (30 punte) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig/sorgvuldig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.
5. Trek ŉ streep na elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL EN ADVERTENSIE

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae.

**Spotprente se boodskap is nie altyd gemaklik**

1. Spotprente ontlok dikwels sterk kritiek by lesers, veral as dit ‘n ongemaklike boodskap skerp en reguit oordra. Die spotprent van Fred Mouton wat op 18 Desember in *Die Burger* verskyn het, het verskeie lesers geskok, en hulle het na die telefoon gegryp en e-pos-boodskappe gestuur om beswaar te maak.

2. Die spotprent het verskyn kort ná die aanvang van die tradisionele Desember-vakansietydperk, wat berug is vir die talle mense wat op die land se paaie sterf. Gedurende die vorige Desembervakansie het heelwat meer as duisend mense hier weens padongelukke gesterf.

3. Die spotprent se boodskap was op die man af. Dit het ‘n baie besige pad getoon met twee aasvoëls wat daar naby in ‘n boom sit. Die een aasvoël het vir die ander gesê dat as die Suid-Afrikaanse bestuurders hulle soos gewoonlik gedurende die Desember-vakansietydperk gaan gedra, hulle hulle vir ‘n feesmaal gereed kan maak.

4. Lesers het per e-pos laat weet die spotprent is onsensitief, gee aanstoot en maak seer.

5. Was Mouton verkeerd om die spotprent só te teken, en was *Die Burger* verkeerd om die spotprent te plaas? Die dood is nie iets waarmee mens ligtelik omgaan nie; en wanneer in ‘n spotprent daarna verwys word, moet dit met omsigtigheid gehanteer word.

6. Dit is noodsaaklik om te besef dat die doel van spotprente nie net is om met op humoristiese wyse met nuusgebeure te spot nie. Soms is dit nodig dat ‘n spotprent gebruik word om met groot erns ‘n uiters ongemaklike boodskap oor te dra. Dit is presies wat Mouton met dié spotprent gedoen het.

7. Die jaarlike padsyfers wat gewoonlik in die Desembervakansie ‘n hoogtepunt bereik, is onaanvaarbaar. As die spotprent daartoe sou bydra dat slegs één padsterfte minder voorkom, het dit in sy doel geslaag.

8. Die doel was nooit om die boodskap sagkens oor te dra nie, maar om mense uit hulle gemaksone te ruk en te laat dink oor wat op die land se paaie aangaan.

9. Het die spotprent die grense van aanvaarbaarheid oortree? Mouton kon die dood op die geykte manier geteken het, naamlik as ‘n wese in ‘n swart toga met ‘n lang sekel in sy hande. In die verlede was daar nooit klagtes as Mouton die dood op die geykte manier geteken het nie – waarskynlik omdat mense daaraan gewoond geraak het. As hy by die geykte voorstelling gebly het, sou die spotprent waarskynlik baie van sy trefkrag verloor het.

10. Juis omdat hy, as een van die beste spotprentkunstenaars, iets nuut gedoen het, het hy die boodskap oor die onaanvaarbare padsterftes effektiewer oorgedra op 'n manier wat binne perke van die koerant se etiese kode is.

11. Frantz Kruger, die *Mail & Guardian* se ombudsman, wys in 'n artikel daarop dat spotprenttekenaars 'n lang tradisie het wat hulle die reg gee om die grense te verskuif om die boodskap oor te dra. Nadat hy die omstrede Zapiro-spotprent oor mnr. Jacob Zuma en die klagtes daaroor ontleed het, sê Kruger sommige sensitiwiteite verdien meer oorweging as ander. Waar die omstrede Mohammed-spotprente van 'n paar jaar gelede buite perke was omdat dit mense se geloofsoortuiging blatant uitgedaag het, het Zapiro se spotprent hoofsaaklik politieke sensitiwiteite geskok.

12. Dit is die soort sensitiwiteite waaroor koerante nie versigtig hoef te wees nie. Snydende kommentaar is deel van die die tradisie van spotprenttekenaars, en hulle het die reg om astrant te wees.

[Verwerk uit: ***Die Burger***, Januarie 2009]

1.1 Wat word in paragraaf 1 bedoel met "skerp reaksie"? [1]

1.2 ...veral as dit 'n ongemaklike boodskap skerp en reguit oordra. Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit die teks neer wat dieselfde beteken as die onderstreepte gedeelte. [1]

1.3 Wat was volgens paragraaf 2 die konteks van Fred Mouton se spotprent op 18 Desember 2008? Skryf EEN sin. [2]

1.4 "... en was Die Burger verkeerd om die spotprent te plaas? (paragraaf 5) Watter antwoord verskaf die skrywer later in die leesstuk op hierdie vraag? Motiveer jou antwoord deur 'n frase aan te haal. [2]

1.5 Watter waarskuwing rig die skrywer met betrekking tot spotprente wat die dood aanspreek? [1]

1.6 Wat is volgens die skrywer die tweeledige doel van spotprente? Skryf EEN sin. [2]

1.7 "As hy by die geykte voorstelling gebly het, sou die spotprent waarskynlik baie van sy trefkrag verloor het." (paragraaf 9). Dui aan of hierdie stelling 'n feit of 'n mening is en motiveer jou antwoord. [2]

1.8 Watter verklaring word in die leesstuk verskaf vir "geykte manier" in paragraaf 9? [1]

1.9 Herlees paragrawe 9 en 10. Wat is volgens die skrywer die voordeel van die feit dat Fred Mouton die dood as twee aasvoëls voorgestel het? [2]


1.10 Verduidelik in jou eie woorde wat Fred Mouton met dié spotprent wou bereik. Skryf EEN sin. [1]

1.11 Dink jy dat die betrokke spotprent in sy doel geslaag het? Gee 'n rede vir jou antwoord. [1]

1.12 Herlees paragraaf 11. Watter afleiding kan ons maak uit Frantz Kruger se uitsprake oor die keuses van spotprent-onderwerpe? Skryf EEN sin. [2]

1.13 Vir watter maatskappy/koerant dink jy werk die skrywer? Motiveer jou antwoord. [2]

**EN**




[Verwerk uit: ***Rapport***, 5 Julie 2009]

1.14 Wie is die teikenmark van die advertensie? [1]

1.15 Watter stappe moet jy volg as jy by UNISA wil studeer? [1]

1.16 Hoe word hierdie stappe (die antwoord van 1.15) grafies in die advertensie uitgebeeld? [1]

1.17 Op watter manier (in watter vorm) word al die inligting vir ons in die advertensie gegee? [1]

1.18 In die advertensie sit die student voor haar skootrekenaar. Hoe maak die adverteerders dit grafies vir ons moontlik om die boodskap wat sy ontvang, te lees? [1]

1.19 Die slagspreuk in die advertensie kan in Afrikaans vertaal word as: *Leer sonder beperkinge*. Watter boodskap in die res van die advertensie sluit by hierdie slagspreuk aan? [1]

1.20 Waarom dink jy is rekenaars so prominent in die advertensie? [2]

1.21 Hoe voel die meisie in die advertensie oor haar voorgenome studies? Motiveer jou antwoord [2]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees onderstaande teks en maak 'n puntsgewyse opsomming van die wenke om aan 'n eiendomsveiling deel te neem. Verdeel jou opsomming in twee dele: Skryf VIER sinne oor wat om te doen VOOR die veiling en DRIE sinne oor wat om te doen TYDENS die veiling. Jou opsomming moet nie meer as 90 woorde lank wees nie. Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan.

**Kom sluit aan by die Opwindende Wêreld van Veilingverkope**

1. Die afslaer se stem klief deur die vertrek terwyl botte ingeroep word. Die intensiteit neem toe .. Die skare wedywer in alle erns met botte en teen-botte Die atmosfeer raak elektries soos die afslaer se stem al vinniger deur die kamer trek ...

2. 'n Veiling is nie net 'n fassinerende geleentheid propvol drama en opwinding nie, dit is ook besig om die mees gewilde manier te word waarop Suid-Afrikaners hul eiendom en besittings koop en verkoop.

3. Maar wat moet 'n mens doen om aan 'n veiling deel te neem? Dit is regtig nie moeilik nie, die inligting hieronder sal alles verduidelik.

4. Dit is noodsaaklik om inligting omtrent komende veilings in te win. Alliance Group het 'n informatiewe webtuise by www.alliancegroup.co.za met 'n lys van al hul komende veilings, of skakel net 0861 ALLIANCE. Ter ondersteuning hiervan, voorsien 'n bieërspakket al die spesifieke verkoopsvoorwaardes, sowel as enige ander spesifieke regsdokumente wat in ag geneem moet word. Dit is by die afslaer verkrygbaar.

5. Dit is nou tyd om die eiendom te gaan besigtig. Onthou ook dat indien jy nie op die dag self die veiling kan bywoon nie, daar altyd 'n opsie is om per telefoon te bie, of om 'n verteenwoordiger volmag te gee om namens jou te bie. Daar is 'n aangewese area by elke Alliance Group veiling vir sulke botte. Maak seker dat jy al die verkoopsvoorwaardes en –bepalings verstaan.

6. Sorg dat jy op die dag van die veiling jou identiteitsdokument en terugbetaalbare bieër-deposito saambring. Vraag- en Antwoordsessies kan slegs plaasvind voor die bieëry begin, en nie gedurende die veiling nie. Die afslaer se assistente sal vir enige spesifieke navrae beskikbaar wees.

7. Wanneer jy eers op dreef is, raak dit maklik, en as jy al jou huiswerk gedoen het, sal jy die proses met gemak kan hanteer. Moenie toelaat dat ander bieërs jou van stryk bring nie – werk teen jou eie pas – en ken jou perke sodat jy nie in 'n bie-stryd betrokke raak nie.

8. Dit is nooit te laat om by die opwindende wêreld van veilingverkope aan te sluit nie!

[Verwerk uit: ***Die Burger***, 6 Junie 2009]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 3

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Traptog vir bedreigde renosters**

1. Die afgelope ses maande het wildstropers altesame 156 swartrenosters afgemaai en dit is vir hul bewaring wat ons wou begin terugveg met ons fietsrit deur die woestynlandskap van Damaraland in die noorde van Namibië, skryf BEN SANDERS.

2. Ons was 17 onervare ryers. Van Windhoek se lughawe is ons senuagtige spannetjie (sewe uur/sewe-uur) lank noordwaarts vervoer na die Palmwag-renosterkamp in Damaraland.

3. Ons het verwag om gemaklik op grondpaaie te ry terwyl ons die landskappe bewonder. Die terrein wat ons aangedurf het, het ons egter gou in 'n toestand van skok gelaat. Die nagte was ysig en bedags het die kwik tot 40°C gestyg.

4. Ná ons eerste dag se sirkelroete van 50 km het ons die kamp verslae bereik. Ons was reeds flou en ontwater en daar het nog ses dae voorgelê.

5. Op die derde dag was ons 04:30 uit die vere en ná ons bord pap het ons weer begin trap.

6. Van die woestynolifante se paaie het met ons s'n gekruis maar van die skaarser renosters was daar niks te sien nie.

[Aangepas uit: ***Die Burger*,** 21 Julie 2009]

3.1 Skryf die stam van *bedreigde* in die opskrif neer. [1]

3.2 Voltooi die vaste uitdruking wat in die plek van *vir* in die opskrif gebruik kan word. Skryf slegs die ontbrekende woord neer:

Traptog *ten* … *van* bedreigde renosters [1]

3.3 Skryf in die LYDENDE VORM:

Die afgelope ses maande het wildstropers altesame 156 swartrenosters afgemaai. [1]

3.4 Gee 'n neutrale woord vir die emotiewe woord *afgemaai* in paragraaf 1. [1]

3.5 Brei die onderstaande sin uit met 'n BYVOEGLIKE BYSIN:
Ons was 17 onervare ryers. [1]

3.6 Kies die korrekte spelling uit dié tussen hakies in paragraaf 2. [1]

3.7 Gee die verkleining van *grondpaaie* (paragraaf 3). [1]

3.8 Waarvoor staan die afkorting $^oC$ in paragraaf 3? [1]

3.9 Skryf in die ONTKENNENDE VORM:

Ons was reeds flou. (paragraaf 4) [1]

3.10 Gee die intensiewe vorm van *flou* (paragraaf 4). [1]

3.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.11) en die korrekte letter (A, B, C of D) neer.

'n Sinoniem vir *verslae* (paragraaf 4) is …

A. manmoedig.
B. bevrees.
C. mismoedig.
D. beangs. [1]

3.12 Gee die betekenis van die premorfeem *ont*- in *ontwater* (paragraaf 4). [1]

3.13 Wat beteken die uitdrukking *uit die vere* in paragraaf 5? [1]

3.14 'n Leesteken ontbreek in paragraaf 6. Skryf slegs die woord voor en die woord ná die leesteken neer met die korrekte leesteken daartussen. [1]

3.15 In paragraaf 6 word die woord *skaarser* gebruik. Gee die oortreffende trap van *skaars* sodat dit in die onderstaande sin pas:

Ons het die (skaars) van al die renosters gesien. [1]

**EN**




[Uit: http://proscan.homestead.com/index.html, 3 Maart 2009]

3.16 In raam 2 sê Neelsie se viend: "… ek kan myself skop".

Kies elke keer die korrekte woord om die onderstaande stelling te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer:

Uit raam 3 is dit duidelik dat Neelsie die 3.16.1 (konnotasie/ denotasie) van die uitdrukking bedoel, terwyl sy vriend in raam 2 eintlik na die 3.16.2 (konnotasie/ denotasie) van die uitdrukking verwys het. [2]

3.17 Die woord WEER in raam 3 word in hoofletters geskryf om dit te beklemtoon. Skryf nou die woord in kleinletters neer terwyl jy die korrekte aksenttekens gebruik om beklemtoning aan te dui. [1]

**EN**




[Uit: ***Google Images***, Mei 2009]

3.18 Gee die
3.18.1 meervoudsvorm en [1]
3.18.2 verkleiningsvorm van die woord *verandering.* [1]

3.19 Kies die een wat NIE PAS NIE. Skryf slegs die vraagnommer (3.19) en die korrekte letter (A, B, C of D) neer.

Die woord *gatskop-Afrikaans* verwys waarskynlik na … taalgebruik.

A. informele
B. verouderde
C. gemaklike
D. loslittige [1]

3.20 Watter woordsoort is die woord *mooi* in die sin : *Loop mooi* ? [1]

3.21 Gebuik die woord *loop* as 'n selfstandige naamwoord in 'n verhelderende sin. [1]

**EN**

**NATUURLIK!**

**Vra jou vrae oor organiese tuinmaak!**

1. Lesers kan meer leer oor organiese tuinmaaktegnieke deur hierdie blog,
2. en word aangemoedig om vrae te vra en sommer net saam te gesels. Ek
3. sal praktiese wenke verskaf.

4. Ek sal ook 'n interessante rubriek oor organiese tuinmaak in *Huis & Tuin*
5. in *Volksblad* skryf. Die eerste artikel verskyn Saterdag 7 Februarie in *Huis*
6. *& Tuin* en handel oor die groot sukses wat die tamatieprodusent ZZ2 ( …)
7. natuurboerdery behaal het.

[Verwerk uit: ***Volksblad blog***, 30 Januarie 2009]

3.22 Verbeter die woordorde in die onderstaande sin:

Lesers kan meer leer oor organiese tuinmaaktegnieke deur hierdie blog. [1]

3.23 Gee 'n antoniem vir *aangemoedig* (reël 2). [1]

3.24 Brei die onderstaande sin uit met 'n bywoordelike bepaling:

*Ek sal praktiese wenke verskaf.* [1]

3.25 Skryf die voorsetsel neer wat in reël 6 ontbreek. [1]

3.26 Vorm ‘n werkwoord van *produsent* sodat die antwoord in die onderstaande sin pas:

ZZ2 (produsent) tamaties. [1]

3.27 Die HAT verwys:

> **na-tuur´lik** b.nw. en bw. **1** Van, volgens, betreffende die natuur; nie kunsmatig nie: *Natuurlike grense*, ‘*n Natuurlike dood sterwe*, deur siekte, ouderdom. ‘*n Natuurlike geboorte*, sonder kunsmiddele*.* *Natuulike historie*, natuurhistorie. *Diere in hul natuurlike staat*. **2** Ongekunsteld, eenvoudig: ‘*n Natuurlike houding. Natuurlike spel lewer in ‘n toneelstuk.* **3** Ingeskape, aangebore: ‘*n Natuurlike aanleg vir … Jou natuurlike neigings laat botvier*.

[Uit: ***Verklarende Handwoordboek van die Afrikaanse Taal***, 2000]

3.27.1 Skryf die lettergreep neer wat by die uitspraak van die woord *natuurlik* beklemtoon word. [1]

3.27.2 Watter betekenisverklaring van *natuurlik* is in hierdie bloginskrywing van toepassing? [1]

**TOTAAL VIR AFDELING C [30]**

**TOTAAL VIR VRAESTEL [70]**